we touch lives
we give hope

NG WELSYN
HOOFKANTOOR
Geregistreerde Welsynsorganisasie
info@ngwelsyn.co.za
Posbus 1570, Potchefstroom, 2520
T: 018 297 3928/9/30

NG WELFARE
HEAD OFFICE
Registered Welfare Organisation
002-059 NPO (Non Profit Organisation)
Peter Mokaba Avenue 104, Potchefstroom 2531
F: 018 293 1027

Maatskaplike Welsynsdienste **Social Welfare Services**

24 November 2023

Geagte Kollega,

In sake die 16 Dae van Aktivisme van geen geweld teen vroue en kinders

Ons as Suid-Afrikaners staan elke drie maande verstom oor die verregaande misdaad-syfers in ons mooi land. Oor en oor hoor ons ook by die Minister van Polisie dat Suid-Afrika nie 'n veilige plek vir vroue en kinders is nie. Die misdaad-syfers onderstreep dit. Net om 'n paar te noem:

- Van April tot September **2022** is **19 516** verkragtings aangemeld, en van April tot September **2023** **19 768** verkragtings...
- Van April tot September **2022** is **1 844 vroue** en **537 kinders** in SA vermoor. 'n Verstomende 24 000 sake van aanranding van vroue is aangemeld. Van April tot September 2023 is **13 173** mense in SA vermoor waarvan **1 776 vroue** was en **293 kinders** *net in die afgelope drie maande*.

Gesinsgeweld teen vroue en kinders bestaan nie uit enkele gewelddadige uitbarstings nie, maar is eerder 'n ***patroon*** van *fisiese-, sielkundige-, seksuele- en ekonomiese geweld* wat tot baie sterftes en vernielde lewens lei.

Suid-Afrikaners (en die wêreld) word elke jaar van **25 November tot 10 Desember** opgeroep om op een of ander wyse hulle vir die beëindiging van geweld teen vroue en kinders te beywer. Hierin speel die plaaslike gemeente 'n reuse rol om daartoe mee te werk dat hierdie geweldskultuur in ons land deurbreek word.

NG Welsyn wil gemeentes hierin bystaan. 'n Projek is geloods om mense teen geweld teen vrouens en kinders te mobiliseer. Daar is 'n inligtingstuk *"Geslag-geregtigheid in die gemeente"* (saamgestel deur die Christelike Lektuurfonds) aangeheg.

Daarmee saam is die volgende beskikbaar:

- Boekmerke sal gratis beskikbaar wees by die naaste NG Welsyn tak. Agterop die boekmerk is 'n onderneming teen geweld teen vroue en kinders wat lidmate kan onderteken.

- Lidmate kan tydens die 16 Dae van Aktivisme veldtog ‘n wit strikkie dra. Wit strikkies (‘pins’) is beskikbaar by die naaste NG Welsyn kantoor. NG Welsyn gee 50 strikkies per gemeente gratis. Ekstra strikkies kan teen R10.00 per strikkie aangekoop word.

Die strikkies gaan ook beskikbaar gestel word aan besighede teen R20 per strikkie.

Laat ons as gemeentes en land ons ook in hierdie tyd voor die Here verootmoedig oor al die geweld teen vrouens en kinders in SA. Laat ons ook bid vir die genesing en herstel van slagoffers van geweld, vir heel en gesonde huwelike en gesinne, vir die instansies wat slagoffers en help...

Dankie vir jou aandag.

Cobus Niemand

Ds. HJ Niemand
Voorsitter: Direksie NG Welsyn en die Sinodale Kommissie Diens van Barmhartigheid